

**Dinsdag 18 Junie**

**Skrifgedeelte: Handeling 19:1-10 (1983-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Handeling 19:4, 5**

**Die verskil tussen die doop van Johannes en die doop wat Jesus ingestel het**

Toe Paulus in Efese aankom, tref hy 'n groepie gelowiges aan wie se kennis van die Christendom nog baie beperk was. Hulle kan eintlik nie ware Christene genoem word nie omdat hulle nog nie die Gees van Christus ontvang het nie. Want volgens 1 Korintiërs 12:3 kan niemand sê "Jesus is Here" nie, behalwe deur die Heilige Gees. Hierdie mense het net die doop van Johannes die Doper ontvang. Johannes het mense deur sy prediking opgeroep om hulle tot God te bekeer. As hulle tot bekering gekom het, is hulle dan deur hom gedoop as 'n bewys van hulle bekering.

So was Johannes die wegbereider vir Jesus wat die mense met die Heilige Gees sou kom doop. Geloof in Jesus is noodsaaklik om gered te word. Daarom lees ons in ons teksvers: *"Toe hulle dit hoor, het hulle hulle in die Naam van die Here Jesus laat doop."*

Ons sien Paulus lê in hierdie gedeelte sterk klem daarop dat die doop in die Naam van Jesus nie sonder die werking van die Heilige Gees kan plaasvind nie. Nadat hy hulle die hande opgelê het, het die Heilige Gees oor hulle gekom en is hulle deur die sakrament van die doop wat Jesus ingestel het, in die kerk van Christus ingelyf (vgl. Matt. 28:19). As bewys dat die Gees nou ook in hulle werk, kon hulle in ongewone tale praat en God se boodskap verkondig.

Dit is die Heilige Gees wat die geloof in jou hart wek, en dit is Hy wat deur die sakrament van die doop jou in die kerk van Jesus Christus ingelyf het. Jou doop bly vir jou 'n werklikheid as jy 'n lewe met die Gees leef. Dit verseker jou dat God deur Jesus jou Vader is, wat vir jou lief is en omgee en versorg. Moet dus nie die Heilige Gees teëstaan of uitblus nie.

*Sing: Skrifberyming 8-1:2*

*Ds. MAF Kruger (Andries) (Alberton)*